Swartlandse graanboere streef na grondgesondheid.

Eric Louw van die plaas Houmoed buite Moorreesburg is reeds die vierde geslag op die plaas en volg Atlantic Fertilisers se bemestingsprogram al vir baie jare.

Sy pa, Joachim, het reeds in die vroeë negentigs medics gevestig deur verminderde bewerking en die korrekte bemestingspraktyke te gebruik om die natuurlike balanse in die grond te herstel. Wisselvallige klimaatstoestande verhoog die risiko om winsgewend met koring in die Swartland te boer. Dit is om hierdie rede dat daar gefokus word op manière om die natuurlike prosesse in die grond te stimuleer en tydelike tekorte wat gedurende die groeiseisoen mag voorkom, op te hef.

Eric glo in deurlopende verbetering en is elke jaar in kompetisie met homself om te verbeter. Oor die langtermyn is die fokus om organiese komponente in die grond te verhoog deur dekgewasse en medics in wisselbou met koring te plant. Benutting van weiding en die hersirkulasie van voedingstowwe deur die skape is ’n onontbeerlike stap in hierdie proses. Eric se ingesteldheid op natuurlike prosesse lewer ’n stabiele inkomste uit koring en skape. Hy ondervind goeie resultate met Atlantic se produkte en sê: “Dit is baie meer winsgewend as wat ’n mens dink.”

Die gebruik van Atlantic Fertilisers se bemestingsprodukte en beginsels vind al hoe meer byval by graanprodusente. Atlantic bied oplossings vir ’n gesonder benadering tot boerdery deur die fokus te plaas op die toevoeging van kalk, gips en mikro-elemente in kombinasie met organiese bemestingskomponente.

Atlantic Fertilisers ondersteun grondgesondheid, herlewingslandbou en volhoubare boerdery. Dit gaan nie net oor die produk nie, maar oor ingesteldheid en leefwyse.

Praat met Atlantic se kenners sodat hulle saam kan werk aan ’n beter benadering, soos byvoobeeld die toevoeging van Trichoderma en die aanwending van Vishidrolisaat. Vir meer inligting, besoek gerus www.atlanticfertilisers.co.za